



WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 7 April – Jesaja 43 : 16 - 21

Stil word en aanbidding: Waarvoor is jy dankbaar na die week? Wat was vir jou moeilik? Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef? "God is soos 'n rivier in die woestyn." Wat maak hierdie vergelyking in jou wakker? Lees **Psalm 126** as 'n gebed. Dink na oor die groot dinge wat die Here al in jou lewe gedoen het.

Woord: Ons lees die week **Jesaja 43: 16 – 21**. Jesaja speel af teen die agtergrond van drie verskillende historiese tydperke. In Jesaja 1-39, tree die profeet op in die 8^{ste} eeu vC. in Juda en Jerusalem en is krities teenoor die selfvoldaanheid en selfvertroue op die aanbidding in die tempel. Jesaja 40-55 herroep die grootste ontugtering denkbaar in die geskiedenis van Juda toe die Babiloniërs in 586 vC. daarin geslaag het om Jerusalem binne te val, die stad grotendeels verwoes het, die tempel in puin gelê het en 'n groot deel van die bevolking in ballingskap na Babel weggevoer het. Hfst 56-66 speel in die na-ballingskap-tydperk af.

Gesprek

1. Hoe maak mens wanneer die fundamente van al jou sekerhede verkrummel en die bodem van jou geloof uitval? Gesels oor ervarings van geloofsontugtering en wat julle daaruit geleer het. Hoe deel jy hierdie ervarings met ander wat ook vasgeval en ontugter voel?
2. Hoe belangrik is 'n goeie "geloofsgeheue" om telkens in tye van nood God se in die verlede te herroep en te herbeleef? Motiveer deur konkrete voorbeelde uit julle verlede te noem.
3. "*Ek weet God vergewe my, maar hoekom sukkel ek so om die dinge van die verlede te laat gaan?*" Wat sal julle die persoon antwoord?
4. Wat, dink julle, moes dit aan die ballinge in uifers wanhopige omstandighede gedoen het, toe die profeet in verse 16-17 van hulle voorouers se wonderbaarlike uittog uit Egipte vertel het? Hulle moes nie net teruggedink en die verlede herbeleef nie, maar ook hoopvol vorentoe kyk en leef. Sien vers 18. Gee 'n oorsig van dit wat God alles as Skepper-God gaan doen vir sy volk om in nuwe, hoopvolle omstandighede te leef.
5. Miskien was dit vir die ballinge in Babel onvoorstelbaar dat God al hierdie dinge kon doen. Besin hoe hierdie gedeelte in verband gebring kan word met die kruisdood en opstanding van Jesus, wat ons weer eersdaags gaan herdenk. Wat beteken dit dat God, die Vader deur Jesus en sy Gees lewe uit die dood kan skep vir Jesus-volgelingen?
6. "*Jou lewe kan maklik in 'n groef verval as jy niks het om na uit te sien nie.*" Wat dink julle hieroor? Op watter maniere het God al iets nuuts in jou lewe gedoen? En wat kan nog kom?

Afsluiting: Dink saam oor die strekking van gebede na hierdie gesprek. Miskien is daar iemand wat in die besonder voorbidding en versterking nodig het.